www.xtrapapers.com

N12/1/A1AFR/SP1/AFR/TZ0/XX

88120003

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 13 November 2012 (morning)
Mardi 13 novembre 2012 (matin)
Martes 13 de noviembre de 2012 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.
- The maximum mark for this examination paper is *[25 marks]*.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est *[25 points]*.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es *[25 puntos]*.

8812-0003
5 pages/páginas
© International Baccalaureate Organization 2012

www.xtrapapers.com



*Skryf kommentaar op* **een** *van die volgende.*

**1.**

## Die Koffer

Baie expats het seker die een of ander lyflied. Ek vermoed “Shosholoza” is ’n bepaalde generasie s’n. Myne is Marlene Dietrich se koffer-song wat sy sing in haar diep-fluwele stem. Sy het Berlyn in 1930 verlaat om wêreldberoemd te gaan word in Hollywood, maar dekades lank het sy bly sing dat ’n koffer van haar nog altyd in Berlyn staan. Daarom sal sy altyd teruggaan. Die koffer is ’n metafoor vir dié deel van jou lyf en hart wat bewaar bly op die plek waar jy vandaan kom. Luister op YouTube.

*Ich hab’ noch einen Koffer in Berlin*[1]*,*
*deswegen muss ich nächstens wieder hin*[2]
*die Seligkeiten vergangen Zeiten*[3]
*sind allen noch in meinen kleinen Koffer d’rin*[4]*.*

Ek het altyd ’n alternatiewe klein eggo in my kop: “*Ich hab noch meinen Volksie in Melville*[5]”. Want dis in hierdie tye wel ’n groot geluk: dat jy jou fiets in een land en jou Volksie in die ander kan hê en albei gereeld gebruik. Só probeer ek ’n transnasionale identiteit in stand hou.

Assimilasie, wat tegelykertyd die verlies van jou agtergrond impliseer, is nie meer die fel-begeerde doel wat generasies van immigrante in nuwe oorde voortdurend aan die twyfel gebring het oor hoe om jou moederland-identiteit af te sweer nie. Nou hou jy sonder probleme albei en meer identiteite in stand. Dis wat ’n mens kan probeer as jy ligvoetig bly en bevoorreg genoeg om die regte papiere en genoeg geld te hê; ás jou twee tuisfronte jou steun, bygesê.

Om hier en daar, nou en toe, in balans te hou, is die uitdaging. Om op die grensgebied van twee lande en nasionaliteite te leef, gee jou plek om te speel, met insig in die verleidende plesier om op meer as een plek gelyk te wees, meer as een taal maklik vir alledaagse dinge te gebruik, om sowel tweehoog tussen die plataanblare met uitsig na die Rijksmuseum te woon as in jou huis met uitsig op die Melville-koppies. Op jou fiets én in jou Volksie te ry. Die weelde van heimwee is in ons tyd van SMS, Skype en e-pos niks anders as ’n uitdagende kwiksilwer-bestaan nie.

Ena Jansen, *As almal ver is* (2009)

---

[1] *Ik hab’ noch einen Koffer in Berlin*: Ek het nog ’n koffer in Berlyn
[2] *deswegen muss ich nächstens wieder hin*: daarom moet ek aanstons weer daarheen gaan
[3] *die Seligkeiten vergangen Zeiten*: die salighede van vergange tye
[4] *sind allen noch in meinen kleinen Koffer d’rin*: is nog in my klein koffer
[5] *Ich hab noch meinen Volksie in Melville*: Ek het nog my Volksie in Melville

www.xtrapapers.com



- Evalueer die koffer-metafoor as ’n toepaslike beeld vir die agtergelate lewe van die ekspat.

- Sy knoop haar eie ervaring van die leef in twee lande aan die simbole fiets en Volksie. Hoe simboliseer die twee rygoed haar twee leefgebiede?

- Die immigrant van vandag kan, danksy modern tegnologie, in die vaderland en in die aangenome land leef. Die skrywer verwys na die dualiteit as "’n verleidelike plesier" en "’n kwiksilwer bestaan". Hoe reflekteer die toon van die stuk hierdie leefstyl?

www.xtrapapers.com



**2.**

**Eenuur In Die Middag**

Eenuur in die middag by die Trattoria
’n tafel vir twee staan leeg
sonder dat ’n kelner oor hom buig
met sy skinkbord van Indiese rottang.
Die raffiamatte het hulle weggeneem
uit eerbied vir die gekneusde angelier,
vir die dood wat swart blom
uit elke gekneusde lit
vir dié liefde, wat nooit ’n kans gehad het nie.

Jy kan maar roep tussen een en twee
by die tafel wat staan
tussen die pilare van die Trattoria,
die plek van verliefdes,
wat uitkyk op die straat van die middag.
Jy kan hulle maar roep
op hul geboortename of hul troetelname.
Jy kan hulle roep by elke etensuur
tussen een en twee elke namiddag
maar hulle sal jou nie antwoord nie.

Nòg sal jy hulle sien verbystap
met die kantoorwerkers, die hippies,
die afleweringsbodes of die paartjies wat hande vashou.
By die stalletjies met tuisgemaakte erdewerk
soek jy hulle verniet,
en as jy dink jy sal hulle vind
tussen die leeus en die renosters,
die houtbeeldjies en die bontbeesvelskilde
op die hoek by die Afrika-winkel,
dan vergis jy jou,
want jy sal hulle daar nie sien nie.

By die Trattoria, eenuur in die middag,
staan ’n leë tafel vir twee
wat uitkyk op die stoep van die dag.
By die tafel tussen die pilare,
die hoek van verliefdes,
staan twee onbesette stoele
en die herinnering is ’n verlepte angelier.

N A Liebenberg, *Die Eerste Gety* (1971)

www.xtrapapers.com



- In die beskrywing van ’n weerklinkende afwesigheid hoor die leser – paradoksaal – die weerklinkende aanwesigheid. Hoe bewerkstellig die digter die effek?

- Lewer kommentaar op die wyse waarop die “tafel vir twee”, die “twee onbesette stoele” en die “gekneusde angelier” simbole word van ’n liefdesverhouding wat tot ’n pynlike einde gekom het.

- Die toon van die gedig sou as nostalgies en gelate beskryf kan word. Hoe so?